



ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Geloof en werklikheid ten nouste verwant

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreekw. 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

– Calvyn


Ps. 19:2 – “Die hemel getuig van die mag van God, die uitpansel maak die werk van sy hande bekend.”

Die hoogste doel van 'n gelukkige lewe is die kennis van God. Daarom het Hy die saad van die godsdiens in mense se harte gelê. Dit het Hy gedoen sodat die toegang tot geluk vir niemand gesluit sou wees nie. Daarom het Hy ook Homself in sy handewerk, die ganse skepping, geopenbaar. En Hy toon Homself daagliks ook so duidelik daarin dat die mens sy oë nie kan oopmaak sonder om gedwing te word om Hom raak te sien nie ...

Tog straal soveel brandende lampe in God se handewerk tevergeefs hul lig na ons toe uit om vir ons die heerlijkheid van die Maker te toon. Al bestral hulle ons so van alle kante, kan hulle op hul eie ons hoegenaamd nie op die regte weg lei nie. Ongetwyfeld laat hulle 'n paar vonke spat, maar hulle word uitgedoof voordat hulle 'n voller glans versprei. Daarom voeg die apostel by dat ons deur die geloof verstaan dat hulle deur die Woord van God geskape is. Dit sê hy in dieselfde Skrifgedeelte waar hy die tydelike dinge afbeeldings van die onsienlike dinge noem (Hebr. 11:3). Die onsienlike Godheid kan dus wel deur sulke sienlike dinge kenbaar gemaak word. Ons het egter geen oë om dit raak te sien nie, tensy hulle deur middel van die geloof deur 'n innerlike openbaring van God verlig word.

En as Paulus leer (Rom. 1:19) dat 'n mens uit die werke van God duidelik kan aflei dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat die mens nie met die oog kan sien nie, toon hy eerder aan dat hierdie openbaring niks meer doen as om te verseker dat hulle nie te veronskuldig sou wees nie.

Ins. I, 5, 1 en 14

O Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! 

IN HIERDIE UITGAWE

Pleidooi vir onderwys en wetenskap	2
Waarom weer (teïstiese) evolusie?	3
Hoe gemaak wanneer wetenskaplikes teïstiese evolusie sanksioneer?	5
Teïstiese evolusie gevaar vir Christelike geloof	7
Kry nie teïstiese evolusie en Christelike oortuiging gepas nie	9
Konferensie oor teïstiese evolusie te Potchefstroom	11
Teïstiese evolusie uitgedinkte fabel	12
Verskille onmoontlik misgekyk	13
Calvinistiese lewensbeskouing	15
Huwelik	18

Ons pleidooi vir onderwys en wetenskap

Ons Vereniging is vanaf sy stigting (1949) 'n sterk pleitbesorger vir waarheidsgetroue onderwys en wetenskap, waarvoor die volgende motivering geld:

Regte perspektief

Ter ontsluiting van die werklikheid waarvan ons deel is, is die korrekte en waarheidsgetroue verstaan daarvan onontbeerlik. Dit is deur skoling en die toerus met noodsaaklike, relevante kennis van 'n toenemend gevorderde aard dat die mens begin om iets van die skeppingswerk van God te begryp. Ons ken en verstaan van die werklikheid is, vanweë die uitwerking van die sondeval, nog in vele opsigte gebrekkig – anders as voor die sondeval. Hierdie toedrag van ons vertroebelde verstaan daarvan is egter geen rede dat onverskillig teenoor die soort onderwys en wetenskap gestaan word nie. Maar meer nog, bied dit geen rede dat die Christengelowige enige wetenskap aanvaarbaar sou vind net omdat die publieke aandrag dit wil hê nie. Terwyl ons dus voluit aan die ideaal van onderwys en wetenskap toegewy staan, is dit ons standpunt dat hierdie sake in die regte perspektief gesien moet word. Daarom beskou ons dit as ons roeping om hierdie boodskap met alles moontlik te bevorder.

Terwyl ons deurgaans vir onderwys en wetenskap gepleit het, was dit beslis nie vir die verheerliking daarvan nie; wel vir die verchristeliking daarvan. Hierin lê 'n groot verskil. Opvoeding, onderwys en wetenskap mag nooit die doel opsigself word nie. Dit is enkel maar die weg waarlangs tot meerdere kennis van die wonderlike skepping waarvan ons bevoorreg is om deel te mag hê, gekom word. Die verantwoordelikheid en taak van die on-

derwys en wetenskap is inderdaad groots en verheffend in menselewens, wanneer dit in die regte perspektief gesien en aangewend word. Hier word veral gedink aan ons geestelike en morele toerusting om die volwasse lewe met waardigheid te kan ingaan. Waar daar nog nie 'n beginsel hiervan in iemand se lewe posgevat het nie, kan kwalik van so-een verwag word om die erns van die opdrag waarmee mense hier op aarde geplaas is reg te besef. Iemand wat nog nie die werklike bedoeling waartoe God sy skepping in aansyn geroep het verstaan nie, sal ook nie werklik 'n bydrae daartoe kan lewer nie.


Ons roeping en taak by die Vereniging is dat ons die boodskap wil uitdra en die toerusting wil verskaf. Deur bemiddeling van die regte opvoeding, onderwys en wetenskap alleen word ons gereedgemaak, ten einde sinvol ons elkeen se bydrae te kan lewer. Ons moet as medewerkers deur God self aangestel hierdie grootse skepping so met ons eie dienswerk versier dat die heerlijkheid en majesteit van dié God wat ons dien en liefhet daardeur hoorbare en sigbare gestalte verkry.

Verligting van Gods Woord

Ten einde hieraan te kan beantwoord, kan ons nie sonder onderwys en wetenskap gaan nie, maar het ons die verligting van Gods Woord nodig. Waarom? Deurdat ons eie gees so deur die sonde verduister is, dit slegs deur die ware kennis wat God se openbaring ons bied, vir ons moontlik word om 'n waarheidsgetroue beeld van sy skepping te kan verkry. Ons kan slegs sinvol aan die skepping se voortgaande ontplooiing meewerk, ook. o.m. wetenskap beoefen, wanneer ons die doel en plan daaragter

begin begryp. Dit kan op geen ander wyse ons deel word as deur die geloof alleen nie. Deur die middelaarskap van ons Here Jesus word dit vir ons moontlik gemaak om van die verduistering van ons eie gees verlos te kan word. Eers dan kan ons in beginsel verstaan met watter doel die werklikheid daar is, en die regte insig daarin verkry. Woordkennis is van kritieke belang wanneer oor onderwys en wetenskap besin, gedink en gepraat word. Hoe sal daar aan die leerinhoude van die onderwys en wetenskap beslag gegee kan word sonder dat ons oor die regte insig oor die werklikheid beskik?

Deur ons geloof in God alleen begin die waarheid van die werklikheid vir ons oopgaan. Dit is dus die verantwoordelikheid van almal wat by onderwys en wetenskap betrokke is om te sorg dat die gesag en waarheid van die Woord sentraal staan, ja dat God self in die middelpunt van ons en ons kinders en jongmense se lewens staan. Eers vanuit hierdie verhouding deur die geloof, grond op die heilswerk van die Here Jesus en onder die leiding van Gods Gees kan ons begin om aan onderwys en wetenskap wat waarheidsgetrou is, beslag te gee. Hiervandaan is ons op koers om die werklikheid vanuit die Woord korrek te begin verstaan, sodat ons dit met vertroue in die onderwys en wetenskap kan oordra en toepas.

Daarom is ons Vereniging se pleidooi sonder twyfel vir onderwys en wetenskap, ja, maar dan slegs soos vanuit die perspektief van die Woord gesien. Daarsonder sal ons beeld/konsepsie van die werklikheid verdraaid en verwronge bly, waarvan die valse wetenskap 'n treffende voorbeeld is. 

Artikel 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis

Oor die skepping van alle dinge, meer besonder van die engele

Ons glo dat die Vader deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel, die aarde en alle skepsels uit niks geskape het toe dit Hom behaag het; en Hy het aan elke skepsel sy wese, gestalte en gedaante en verskillende funksies gegee om sy Skepper te dien. Dat Hy hulle ook nou nog almal onderhou en regeer na sy ewige voorsienigheid en deur sy oneindige krag, om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien. ...

Waarom weer (teïstiese) evolusie?

Aandag gevra

Die inkleding van die skoolkurrikulum vir openbare onderwys met, en die kontinuering aan sommige universiteite van die evolusieleer, vra deurlopend die dringende aandag van alle betrokkenes. Dit is in die eerste plek ons ouers wat hulle op die hoogte van verwickelinge moet stel, maar die belangrike plek wat onderwysers in neem mag nie oorsien word nie. Indien deur ouers, in medewerking met onderwysers daar 'n standpunt in belang van die welwese van ons kinders en jongmense ingeneem kan word, sal dit veel vermag om die voortwoekering van hierdie leer en beskouing aan die kaak te stel vir wat dit werklik is. Dit is dus met berekendheid dat 'n uitgawe van ons blad hieraan afgestaan word.

Motivering

Die doel met hierdie uitgawe is om die implikasies wat evolusieleer vir diegene wat hulle lewensbeskoulik daaraan verbind, weereens aan die orde te bring. Daarmee wil veral die problematiek, naamlik die aandrag uit sekere Christengeledere vir die sanksionering van evolusieleer onder die loep geneem word. Gedurende die afgelope dekade – onderwyl die stryd teen evolusieleer in skole en aan universiteite onverpoosd voortduur – is daar steeds wetenskaplikes wat dit vir die Christelike gewete aanvaarbaar wil maak. Prominente wetenskaplikes uit invloedryke kringe van Christelike oortuiging en Afrikaner-agtergrond doen mee aan die sanksionering van wat as 'teïstiese evolusie' aan ons voorgelê word. Uit hoofde van hierdie betiteling word dit dan van

Christene verwag om hulle teenstand teen evolusieleer te laat vaar.

Sinkretisme

Die redenasie wentel daarom dat met die begrip 'teïsties' aangetoon wil word dat God op die een of ander wyse wel van evolusie¹ gebruik kon maak. Evolusie sou dan ter voortgang van die skepping aangewend kon word, en daarmee word hierdie leer op 'n subtile manier in die plek van die onderhouding en voorsienigheid van God gestel. Sodoende wil te kenne gegee word dat daar steeds in Een God wat die Skepper en Bestuurder van die heelal is, geglo word. Deur só die evolusieleer deur middel van die invoering van die teïstiese idee met Goddelike handelinge in verband te bring, is dit duidelik die bedoeling dat evolusie vir die Christengelowige aanvaarbaar gemaak moet word. Dit sou met ander woorde by die skopus van ons Christelike geloof en lewensbeskouing ingepas kon word, en daarmee die probleem wat gelowiges met evolusie het, uit die weg kon ruim.

Die vraag, vanuit die Christelike perspektief gesien, is of dit wel die geval is. Maak die idee van teïsme die evolusionêre beskouing so vir die Christelike gewete aanvaarbaar? Sou die ooglopende poging tot sintese tussen ons Christelike oortuiging en die evolusionêre beskouing oor die werklikheid die kloof van teëstelling kon oorbrug? Voortspruitend daaruit sou daar dan mos geen verdere strydvrae oor die evolusieleer aan ons skole en univer-

siteitte kan bestaan nie, en sal evolusieleer ongehinderd kan voortgaan.

Hoe antwoord gelowiges?

Christengelowiges moet 'n definitiewe antwoord op die probleemstelling betreffende die posisie van geloof tot evolusieleer kan bied. Daarom is deur ons redaksie geoordeel dat dit goed sal wees om hierdie uitgawe spesifiek af te staan aan die Christengelowige se houding ten opsigte van evolusieleer. Wat behoort die Christen se standpunt hieroor te wees? Wat vir die Christen in die debat oor hierdie saak belangrik is, is die gesag van Gods Woord. Kan daar in evolusieleer substansie gevind word waarvan verklaar sou kon word dat dit met die Woord ooreenstem. Soos in die bydraes beredeneer word, gaan dit veral oor ons Christelike leer soos wat dit uit die Godsopenbaring na vore kom en in ons belydenisskrifte geformuleer staan. Die toets vir enige kennis wat ons oor die werklikheid wil huldig, wetenskaplike kennis ingesluit, is of daar 'n ooreenkoms tussen daardie kennis/wetenskap en die Woord van God sou bestaan. Slegs kennis/wetenskap wat hieraan beantwoord sou vir die gelowige aanvaarbaar kon wees. Teïstiese evolusie moet op dieselfde wyse aan die waarheid van die Woord getoets kan word. Die ware toets is dus of dié wetenskap, en vir hierdie doel enige ander wetenskap wat nie op die waarheid van die Woord gefundeer staan nie, met ons Christelike geloof versoen sou kon word. In wat volg is dit juis hierdie toets wat aangelê word, en waarvoor gelowiges hulle moet kan verantwoord.

¹ In die sin wat Darwin en evolusioniste na hom dit geformuleer het.

Artikel 13 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis

Oor die voorsienigheid van God en die regering van alle dinge

Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskape het, hulle nie laat vaar of aan die toeval of geluk oorgegee het nie, maar hulle na sy heilige wil so bestuur en regeer dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie, alhoewel God geensins die bewerker is en ook nie die skuld dra van die sonde wat gedoen word nie. Want sy mag en goedheid is so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en doen, selfs wanneer die duiwels en die goddelose onregverdig handel. ...

Dr Francis Collins se ses punte, wat as die vooronderstellings beskou kan word van waaruit hy in sy wetenskaplike denkwerk uitgaan, en tot talle vrae oor die Christelikheid daarvan aanleiding gee:

1. *Die heelal het ongeveer 14 duisend miljoen jaar gelede uit niks ontstaan.*
2. *Ten spyte van erge onwaarskynlikhede, lyk dit of die eienskappe van die heelal sodanig ingestel is dat lewe juis daaruit sou voortvloei.*
3. *Die presiese meganisme hoe lewe ontstaan het is nog onbekend, maar nadat lewe wel ontstaan het, het die prosesse van evolusie en natuurlike seleksie die ontwikkeling van biologiese diversiteit en kompleksiteit oor baie lang tydperke moontlik gemaak.*
4. *Toe evolusie eers aan die gang gekom het, was geen spesiale bonatuurlike ingryping nodig nie.*
5. *Mense is deel van hierdie proses en deel 'n gemeenskaplike voorouer met die groot ape.*
6. *Die mens is ook uniek op wyses wat nie deur evolusie verklaar word nie en dit dui op ons spirituele geaardheid. Dit sluit in die sedewet (die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei) en die soeke na God wat alle kulture regdeur die geskiedenis kenmerk.*

Wat prof. Gideon Joubert oor teïstiese evolusie gesê het:

MET die tweehonderdjarige viering van Charles Darwin se geboorte het dosyne artikels vir en teen evolusie in die media verskyn. Vir baie gelowiges is dit verwarrend. Wat moet ons glo?

Gelowiges kan net duidelikheid kry deur te soek, soos Christus dit aan ons opgedra het.

God het sy Woord (die Bybel) vir ons gegee, en ook die heelal geskep. As al twee deur God voortgebring is, dan kan dit mos nie bots nie, tensy ons interpretasie of kennis van een of al twee te kort skiet. Die waarheid kan nie die waarheid verkeerd bewys nie!

'n Gelowige en wêreldberoemde wetenskaplike, wat vir my rigting in my soeke gegee het om die godsdienst met die wetenskap (en evolusie) te versoen, is dr Francis Collins, leier van die Genoomprojek. Hy het die werk van genetici in ses lande gekoördineer en eindelik die menslike genoom ontrafel.

*In sy boek *The language of God* (Pocket Books, Londen, 2007) vertel Collins hoe hy van ateïsme tot geloof gekom het. Hy bespreek die teïstiese evolusie, die standpunt van "ernstige bioloë wat ook gelowiges is".*

Begripverklaring

Aangesien moontlike verwarring oor die gebruik van die volgende begrippe in hierdie uitgawe mag voorkom, word dit uit HAT, 3de uitgawe, 1994 soos volg verduidelik:

Evolusie

1. Dié begrip het die betekenis van geleidelike ontwikkeling; ook die ontstaan van plant en diersoorte uit ouer vorme.
2. Daar het in die onlangse jare die betekenis van evolusie as ontwikkeling van 'n liniêre aard ontstaan. Hiervolgens word erken daar wel ontwikkeling plaasvind, sover dit die soorte aangaan. Een soort gaan egter nie oor in 'n volgende nie, maar ontwikkel binne daardie soort. In VCHO-geledere is ons nie daarop teë dat die begrip evolusie in die sin van liniêre ontwikkeling gebruik word nie.

Evolusieleer – die leer waarvolgens hoëre diere en plante uit laere sou ontwikkel het, volgens die oorspronklike leer van Darwin.

Evolusionêr – ooreenkomstig evolusie; langamerhand veranderend.

Evolusionis – aanhanger van die evolusieleer.

Teïsme

Geloof aan die bestaan van een God, wat Skepper en Bestuurder van die heelal is.

Hoe gemaak wanneer sekere wetenskaplikes teïstiese evolusie sanksioneer?

Probleemstelling: wetenskaplikes oor evolusie¹

Daar is vandag steeds wetenskaplikes wat hulself ook as gelowiges bestempel, wat evolusie goedpraat.

In die *By tot Beeld* (2011-02-12) het prof. T.T. Cloete bv. soos volg gereageer op die vraag: “Wat maak die gelowige man van die debat oor evolusie?”

Prof. Cloete: “Daar is evolusie. Evolusie is nie vir my onversoenbaar met die Goddelike nie, want evolusie is só 'n ingewikkelde ding – daar is soveel miljarde faktore betrokke – dat dit nie toevallig kán wees nie. Dan moet jy ‘toevallig’ met 'n hoofletter spel, dan moet jy van ‘toevallig’ 'n God maak.”



Hy (prof. Cloete) verwys na 'n s.g. ingeboude wysheid van die natuur, waar dinge en diere weet wát en hóé hulle moet wees.

“Ons het vandag die koolstof-toetse en fossiele wat vir ons wys wat die oorgang tussen die vierpotiges en die voëls is. Jy moet mal wees as jy dit vandag ontken.”

Soos vele ander (wetenskaplikes) de-gradeer prof. Cloete dan ook die gesag van die Genesisboek tot 'n mite, wanneer hy verklaar: “Ons moenie Genesis letterlik opneem nie, die antieke mense het dikwels mites ingespan”.

In die *Kerkbode* van Aug. 2009 verskyn 'n artikel van die wetenskaplike gelowige, Gideon Joubert, met die strekking: “Gelowiges kán evolusie aanvaar”.

Is dit verantwoordbaar vanuit Christelike perspektief?

Daar is uit verskeie oorde op Joubert se uitspraak reageer, van wie die Christen-wetenskaplike, dr Hennie Mouton. Die volgende vraag word tereg gestel:

“Dit is sekerlik so dat daar gelowiges is wat in teïstiese evolusie glo en op 'n

manier die evolusieleer wil harmoniseer met geloof. Maar is dit 'n verantwoordbare posisie?” Die vraag moet eerder wees: “Behoort gelowiges evolusie te aanvaar?” Dr Mouton wys ondermeer op die teologiese probleme met die aanvaarding van die evolusieleer. Evolusieleer veronderstel dat daar dood en lyding was voor Adam, want evolusie veronderstel dood oor geslagte heen. Dit alleen kan nie versoen word met die bybelse getuïenis dat die sonde die oorsaak was van die dood nie. Maar daar is ook ander teologiese probleme (Mouton):

“1) die evolusieleer gaan uit van 'n naturalistiese vertrekpunt waarin **God oorbodig** is. God is nie nodig om die evolusie sy gang te laat gaan nie. Dit is nie versoenbaar met die bybelse getuïenis wat God beskryf as Skepper uit niks deur sy Woord nie. In hierdie sin dink ek teïstiese evolusie is 'n klassieke voorbeeld van “cognitive dissonance” waarin aan twee teenstrydige konsepte vasgehou word. Maar dit het skynbaar aanvaarbaar geword binne 'n postmoderne verstaansraamwerk.

2) om vas te hou aan die evolusieleer dwing jou om Genesis as 'n soort mite te sien. Dit is problematies omdat a) dit 'n **arbitrêre interpretasiemodel** is wat op die teks afgedwing word sonder deeglike verrekening van die inherente aard en aanspraak van Genesis, en b) dit maak die deur oop om die bybel **selektief** te lees en bonatuurlike elemente weg te verklaar waar dit jou pas.

3) Die evolusieleer bring **Jesus se integriteit op die spel**. Hy het nie net die Skrifte as die gesaghebbende Woord van God aanvaar nie (Mt 22:29; Mk 12:24), maar het self God as Skepper erken (bv. Mk 13:19), en dat daar inderdaad 'n vloed plaasgevind het waar die hele wêreld oorstrom het (Mt 24:38-39; Lk 17:27). Die Nuwe Testament vertel ook van Jesus se betrokkenheid by die skepping (Jh 1:3; Gn 1:26; Ef 3:9; Kol 1:16; Heb 1:2-3,10-12; Op 4:11).

(Tot sover Mouton se kommentaar.)

Vooronderstellings is deurslaggewend

Die betrokke rubrieksrywer wys in sy kommentaar daarop dat Joubert in sy artikel die volgende belangrike saak oorsien:

“'n Ander aspek wat nie na vore kom in Joubert se artikel nie, is die feit dat dit nie duidelik aangetoon word dat die 6 punte van Collins wat hy (Joubert)



noem, **voorveronderstellings** is nie.² Joubert sê: “Dit berus op die volgende.” Maar hy moes eintlik sê “Dit berus op die volgende **voorveronderstellings**.” Dit is veral stellings 1, 3, 4 en 5 wat nie wetenskaplik bewys kan word nie. Hoewel baie wetenskaplikes aanspraak daarop maak dat dit wel voldonge feite is, is elkeen van hierdie voorveronderstellings vanuit die wetenskap aanvegbaar.”

Slotbeskouing

In die wetenskaplike denke van die afgelope dekades word die feit dat in enige wetenskap daar van vooronderstellings uitgegaan word, erken. Vooronderstellings berus op uitgangspunte wat uit die bepaalde geloof van 'n wetenskaplike voortvloei. As sodanig is vooronderstellings nie wetenskaplik bewysbaar nie, maar dit beteken nie dat daaraan mindere krag as, byvoorbeeld, iets wat wetenskaplik bewys kan word geheg moet word nie. Trouens die bepaalde vooronderstellings van enige wetenskap is aanduidend van wát die wetenskaplike vir hom-/haarself tot absolute waarheid maak, nog voordat hy of sy daartoe oorgaan om aan die bepaalde wetenskap beslag te gee. Soos die begrip

² Die 6 punte waarna die rubrieksrywer verwys bevat die stellings wat die wetenskaplike, Francis Collins, gemaak het, waarna ook elders verwys, en in hierdie uitgawe bespreek word. Die argument dat die 6 punte in wese vooronderstellings is word gesteun, wat dan direkte implikasies inhou vir die soort wetenskap wat Collins voorstaan, deurdat die Christelike waarheid onder verdenking kom.

¹ Volgens die betekenis soos in 1. onder “Begripverklaring”.

Vervolg op bl. 6

Vervolg van bl. 5


aandui is dit van 'n vóór-wetenskaplike aard, en dus nie van bewyslegging, soos in die wetenskap self, afhanklik nie. Vooronderstellings het alles met geloof te doen, en ware geloof berus, in die geval van ons Christelike oortuiging, geheel en al op die openbaring van God self. Wie hierdie nie tot absolute gesag erken nie, stel 'n ander in die plek daarvan. Die Christen-wetenskaplike bely dus die Godsopenbaring as die absolute waarheidsgrond waarop of van waaruit hy of sy hulle wetenskap beoefen. Die soort wetenskaplike denkwerk sal van dusdanige geloof getuig. Netso, in die geval waar van ander bronne van gesag en 'waarheid' uitgegaan word, sal dáárdie wetenskap daaraan uitgeken kan word.

Teïstiese evolusie weerlê die aanspraak wat daaraan geheg word en wel daarin dat die vooronderstellings in die

natuur self (heelal) gevind word, à la Collins se ses punte, en derhalwe getuig ook die wetenskap daarvan. Dit is ooglopend wetenskap wat 'n ander uitgangspunt het. Christengelowiges kan teïstiese evolusie dus beoordeel aan die hand van die vooronderstellings en besluit of dit met die Godsopenbaring ooreenstem. Hiervolgens het ons gewis vrae van 'n fundamentele aard aan (gelowige) wetenskaplikes soos Collins e.a. te stel oor die religieuse begroning, asook die voortspruitende vooronderstellinge van teïstiese evolusie. Wetenskaplike denke wat op die religie van die naturalisme gebou word, soos die evolusieleer, kan nie anders nie as dat dit moet verskil van die wetenskap wat op die Christelike religie gebou word. Dit stel tog duidelik twee uiteenlopende gronddinge/uitgangspunte vir die soort wetenskap wat geleer word daar. Die evolutionis ondersoek die natuur vanuit 'n

naturalistiese perspektief, terwyl die Christen-wetenskaplike dieselfde natuur vanuit die perspektief van die Godsopenbaring ondersoek. Laasgenoemde is onontbeerlik vir die korrektheid wat in belang van die enigste waarheidsgetroue benadering tot die werklikheid aangebring moet word. Evolusieleer stel egter nie hierin belang nie, aangesien die benadering wat daarin gevolg word bloot op willekeurige interpretasie van die werklikheid berus. Menslike rede (deur die sonde verduister) word bo geloof (wat die verligting van hart én verstand teweegbring) gestel. Die Christelike leer moet noodwendig verwerp word en prof. Cloete en andere stel daarin die voorbeeld, deur hulle mitologisering van die Bybel. Dit is niks anders nie as verwringing van God se werklikheid en daarom vervalsing van die wetenskap. – Red.

Skets 1



Ons kyk op die werklikheid word verduister of verlig na gelang van die openbaringsbron waarin geglo word.

Spel teïstiese evolusie gevaar vir die Christelike geloof?

Verwerking van uittreksel uit die boek van prof. Werner Gitt

Ateïstiese formule

Die skrywer van die boek *Did God use evolution*, prof. Werner Gitt van Duitsland, behandel in een van die hoofstukke daarvan die gevare wat dit vir die Christelike geloof inhou en wat hy soos volg uiteensit:

Sy argument word verduidelik met, soos gestel, die ateïstiese formule wat vir evolusie geld – Evolusie = materie + evolusie-faktore (verandering en noodsaak + mutasie + seleksie + isolasie + dood) + baie lang tydperodes. Teïstiese evolusie behels basies dieselfde formule, maar met 'n toevoeging teen die einde: + God.

Christelike geloof bedreig

Op grond van die Bybelse openbaring, insonderheid die leer oor die skepping, die sondeval en verlossing, verklaar prof. Gitt vervolgens dat teïstiese evolusie die volgende tien groot gevare daarstel:

Wanpersepsie oor die Godsnatuur

Teïstiese evolusie gee 'n valse voorstelling van die Godsnatuur, deurdat o.m. dood en afgryse aan die Skepper toegeskryf word, synde beginsels in die skepping. Daarenteen openbaar die Bybel God ondermeer aan ons as ons Hemelse Vader, Wie absoluut almagtig, heilig, goed, en volmaak is (die God van die lewende dinge kan nie vir die dood – 'n kernfaktor van evolusie – aanspreeklik wees nie). Wanneer ons lees dat hierdie God aan die begin skep, word die resultaat as baie goed en volmaak bestempel, waarin die voormelde negatiewes geen plek het nie.

God word slegs die Een wat vir die gapings moet instaan

Die enigste 'werkruimte' wat teïstiese evolusie aan God toeken, is daardie (tal-le) gedeeltes in die evolusie wat steeds nie, met die gegewe tot beskikking, verklaar kan word nie. So word dié verhewe God gereduseer tot Een wat alleen maar die gapings moet verklaar ten opsigte van daardie evolusionêre ver-

skynsels waaroor daar twyfel bestaan. Hy word daarmee tot die God van die onsekerhede verlaag, terwyl in die Christelike geloof met sekerhede gewerk word.

Ontkenning van sentrale Bybelse leerstellings

Teïstiese evolusie ondermyn die gesonde/regte lees (en verstaan) van die Bybel, waarin dit primêr oor die boodskap van Jesus Christus gaan, soos deur die Profete en die Apostels oorgelewer. Konkrete (heils)gebeure waaroor die Bybel handel, word evolusionêr tot mitiese inbeeldinge afgeskaal. Die Bybelse boodskap wat in woord en betekenis waar is (en waarvan die gesag as sodanig erken moet word) gaan daardeur verlore.

Die geheel van die Woord staan egter in die getuienis dat ons hier met 'n Bron van allerwaarheid te doen het, volgens die gesag van God geïnspireer, waarin Ou en Nuwe Testament só met mekaar ineenkakel dat die sentrale en universele openbaring van God in en deur Jesus Christus nie geïgnoreer mag word nie, en dus ook nie deur die evolusieer opgehef kan word nie.

Verloor die Weg waarlangs tot God gekom moet word

Teïstiese evolusie ken geen sonde in die Bybelse sin van die woord nie; met die implikasie dat die sonde 'n mens jou doel op aarde laat mis (indien jy dan nie daarvan verlos kan/ hoef te word nie). Sonde word in der waarheid betekenisloos gemaak – presies die teenoorgestelde wat die Heilige Gees in ons lewens doen, deur ons van die wesentlikheid daarvan te oortuig. Hy verklaar sonde tot sonde. Wanneer sonde egter as 'n skadelose evolusionêre faktor gesien word, het 'n mens die oorsaak wat jou na God moet lei, tot verlossing uit die sondemag, verloor.

Leer oor die vleeswording in die gedrang

Die vleeswording van God in en deur sy Seun, Jesus Christus, is een van die basiese leerstukke van die Christelike

geloof. "Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon" (Joh1:14) stel die historiese heilsfeit, dat die Seun van God die eienskappe van die mens aange-nem het. Wanneer die sondeval, van-weë die implikasies van die evolusieer, tot 'n skadelose faktor gerelativeer word, word die kernleerstuk oor die vlees-wording van die Here Jesus ondermyn.

Bybelse basis van Jesus se versoeningswerk gemitologiseer

Teïstiese evolusie erken nie Adam as die eerste mens, of dat hy uit die stof van die aarde geskape is nie. Die meeste teïstiese evolusioniste beskou die skeppings-weergawe as 'n blote mitiese weergawe, hoewel met 'n enigins spirituele betekenis. Nogtans word die gemeenskaplike oersondaar, Adam, en ons Verlosser, Jesus Christus, in die Bybel aan mekaar verbind (Rom. 5:12-19). Enige teologiese gesigspunt wat Adam (en dus ook die sondeval) mitologiseer kom derhalwe op 'n ondermyning van hierdie verlossingswerk neer.

Verlies van Bybelse chronologie

Eksponente van teïstiese evolusie (ook soms progressiewe kreasie genoem) verontagsaam die Bybelse raamwerk van tyd, ten gunste van evolusionistiese tydskale, wat miljoene jare impliseer, beide wat die verlede en die toekoms betref, maar waarvoor daar geen oortuigende fisiese gronde bestaan nie. Twee noodwendige afleidings wat hieruit gemaak kan word is dat –

- (i) nie alle Bybelse uitsprake ernstig opgeneem word nie; en
- (ii) waaksaamheid betreffende die wederkoms van die Here Jesus mag vervaag.

Verlies aan noodsaaklike skeppings-konsepte

Teïstiese evolusie verontagsaam die Bybelse skeppingsbeginsels en vervang dit met evolusionêre idees en voorstellings, waardeur God se almagsdade, waarvan

Vervolg op bl. 8

Vervolg van bl. 7

die skepping die oorweldigende getuienis is, teengestaan en weerspreek word.

Wanvoorstelling van die werklikheid

R. Dawkins, aartsevolusionis, het al verklaar: "Nearly all peoples have devolped their own creation Myth, and the Genesis story is just the one that happened to have been adopted by one particular tribe of Middle Eastern herders. It has no more special status than the belief of a particular West African tribe that the world was created from the excrement of ants".

Daarteenoor weet die Christengelowe dat die Bybel waaragtig is, en al die uitsprake daarin gesagvol, of dit nou oor die skeppingswerk, verlossing uit sonde, geloof en saligheid, oor die daaglikse lewe of sake van wetenskaplike belang gaan.

Uit pas met die doel van die werklikheid

Die blote gedagte aan doelbepaaldheid is vir die evolusionistiese besef 'n anatema. Evolusionêre adaptasies volg daarom nooit 'n doelmatigheid van patroon nie en kan dus nie as teleologies bestempel word nie. Ten grondslag van die skepping van God staan die beginsel van sin en ordelikheid, wat die noodlot, spekulasie en toeval uitskakel. Om dus te verwag dat 'n aangepaste geloofsisteem, soos teïstiese evolusie, doelloosheid met doelmatigheid wil saambind, huisves 'n innerlike teenstrydigheid. Geen huis wat innerlik verdeeld is kan bly staan nie (Mat. 12:25).

Gevolgtrekking

Die leringe betreffende skepping en evolusie is, volgens prof. Gitt se bevin-

ding, so sterk uiteenlopend (antitiesies) dat versoening geheel onmoontlik is. Teïstiese evolusie wil die aansluiting met die Christelike geloof bewerkstellig, deur dié twee leringe te probeer integreer, maar die probleem, soos aangetoon, is dat sodanige sinkretisme "reduces the message of the Bible to insignificance", is sy bevinding. Die resultaat, dat die Woord van God sodoende van sy absolute gesag en waarheid gestroop word, behoort enige Christengelowe te oortuig van die onmoontlikheid van teïstiese evolusie. Gevolgtrekking: Daar kan geen Bybelse gronde vir teïstiese evolusie gevind word nie. Die feit dat evolusie egter in die kled van die teïsme getooi word, moet as 'n bedreiging vir die Christelike geloof gesien word, in die lig van voormelde – Red.

Skets 2

Transendent

Ware Oorsprong Die Skeppergod

Grens tussen Skepper en skepsel

Immanent Oorsprong = Konsepsie van die heelal

Openbaringsbron = die Heilige Skrif

Openbaringsbron = Natuur + rede

Evolusionistiese beskouing/wetenskap

Christelike oortuiging/wetenskap

Hoe ookal gemaak – kry nie teïstiese evolusie en die Christelike oortuiging met mekaar gepas nie

Hugo Hayes

Wetenskap en geloof

Die hoof van die belangwekkende menslike genoomprojek in die VSA glo in teïstiese evolusie.¹ Hy word ook meermale as Christelike wetenskaplike voorgelou. Uitgaande hiervan, verneem ons dat die wetenskap en die geloof só tot mekaar kan bestaan dat e.g. nie verantwoord hoef te word nie. Dit sou dan nie nodig wees dat die wetenskap vooraf aan sy bepaalde (religieuse) uitgangspunt getoets word nie. Is dit 'n geval dat die wetenskap sy eie gesag (en waarheid) daarstel, en sou dit meebring dat selfs Christen-gelowiges teïstiese evolusie kan aanvaar? Sou dit daarop neerkom dat die Bybelse gesag nie moet geld nie, omdat ons nie nodig het om ons van die Christelikheid van hierdie beskouing te vergewis nie. Die begrip 'teïsties' wil mos aantoon dat ons hier in een "God glo wat die Skepper en Bestuurder van die heelal is".

Dr Francis Collins, vroeëre ateïs, wat (luidens bronne) later in sy lewe tot bekering gekom het is, volgens eie getuigenis, iemand wat die wetenskap sedertdien deur die Christelike geloof benader. Trouens, hy word in heelwat (ook Christelike) kringe as 'n 'sterk gelowige' voorgelou, wat die bewys sou lewer dat evolusionêre wetenskap nie met die Christelike geloof in stryd is/ hoef te wees nie. Beoefening van die evolusionêre wetenskap kan, na bewering, ten volle met geloof versoen word, omdat dit teïsties van aard is. Collins beskou homself as 'n Christen-wetenskaplike en sy boek: *The language of God*, is gepubliseer om sy standpunt hieroor te stel.

Wetenskaplike uitsprake

Etikettering as Christen-wetenskaplike in ons heersende tydsgewrig is opsigself lofwaardig. Vereenselwiging met, en die bevordering van Christelike wetenskap is die één saak waarvoor daar onver-

moeid deur ons Vereeniging geywer word. Wetenskaplike uitsprake wat maar enigsins blyke van 'n konnotasie met hierdie ideaal sou gee, is daarom belangrik om opgevolg te word. Met die oog hierop sal dit loon om ook die Collins-uitsprake van naderby te ondersoek. Collins huiwer nie om sy bepaalde standpunt oor die boeg van Christelike wetenskap te gooi nie. Vanweë sy hoëprofiel openbare beeld, sal sy uitsprake die kollig steel. Dit word versterk deur die opspraakwekkende werk wat deur die genoomprojek onderneem word. Dit verbaas nie dat die stel van Collins se bepaalde oortuiging die bewondering van mense, óók Christene, uitlok nie. Byna asof daar 'n verwagting bestaan dat filosofies-wetenskaplike uitsprake soos hierdie gemaak moet word. Dit kan, na mening, aan die heftige meningsverskille oor die versoenbaarheid, al dan nie, van teïstiese evolusie met die Christelike geloof gewyt word. Die groot saak is of 'n wetenskap-standpunt soos hierdie aanneemlik gemaak kan word deur dit teïsties te kwalifiseer. Kan 'n standpunt oor (teëstellende) wetenskap aanneemlik gemaak word deur dit maar net onder die waarmerk 'Christelik' te bring?

Gewone gelowiges kan dit vasstel deur Collins se wetenskaplike uitgangspunt van nader te ondersoek, óf dit werklik hieraan beantwoord. Net om die saak in perspektief te stel: dit gaan nie oor die persoon of integriteit van Collins óf oor sy Christelike belydenis nie, maar of wát hy gesê het wel met die konsekwent Christelike wetenskap-standpunt versoen kan word. Uiteindelik behoort wie ookal uitsprake soos hierdie gebruik om 'n bepaalde standpunt oor Christelikheid te pretendeer, eers deeglik daarvoor te besin. Is dit, byvoorbeeld, regverdigbaar dat persone die wetenskap wat hulle voorstaan onder die Christelike waarmerk tuisbring, terwyl die (religieuse) uitgangspunt dit ontken? Wat Collins oor die verhouding tussen wetenskap en

geloof gestel het, staan o.m. aan die ses punte (kyk bl. 4) beoordeel te word:

Collins betrek veral die volgende sake van belang:

uitsonderlike lang tydperk (14 000 000 000 jaar) benodig vir evolusionêre ontwikkeling, wat egter vir die meeste gewone-mense irrelevant raak;

(gods)potensiaal waarvoor die heelal sou moes beskik om 'lewe' (soos dit gestel word) te kon voortbring, tesame met die gunstige kondisies wat daarvoor benodig sou wees;

onsekerhede en onwaarskynlikhede wat, nieteenstaande die evolusionistiese aansprake, telkens weer vrae soos: op grond waarvan, hoe dit werklik gebeur het en hoe die uniekheid van die mens te verklaar is, oproep (geen hiervan en ander antwoorde kon dusver deur evolusie gebied word nie);

die onbekendhede en onwaarskynlikhede ten spyte, word die rasionaal vir die ontstaan van 'lewe' steeds in die heelal gesoek;

die kwessie van afstamming, waarvolgens die mens 'n voorouer met die grootape moet deel; en

ondanks die gemelde on-elemente moes dieselfde heelal (volgens Collins) in staat wees om 'lewe' te kon voortbring, waarna evolusie en natuurlike seleksie toegetree het om biologiese diversiteit en kompleksiteit te bemoontlik.

Bestaan daar ooreenkomste?

Collins is daarvoor eerlik genoeg dat evolusie nie seker antwoorde op die mees kardinale sake bied nie. Nogtans is dit antwoorde waarvoor die mens móét kan beskik, ten einde sekerheid oor wesen-sake te verkry. Daar word aan die volgende gedink: om te weet wie of wat die ware oorsprong van die werklikheid is; wat die verhouding tussen die mens en hierdie oorsprong inhou; wíé die mens regtig is en wat die doel van ons bestaan

¹ Met evolusie word hier bedoel soos Darwin dit oorspronklik, en andere na hom, geformuleer het.

Vervolg op bl. 10

Vervolg van bl. 9

is; waarheen ons as mense op pad is; wat wag vir ons hierná, ens. Om die antwoorde hierop te kan bied moet ons 'n betroubare en onfeilbare Bron hê wat ons ten volle kan vertrou (Skryftuur). Hier het ons duidelik met 'n saak van religieuse aard te doen, aangesien (i) die Oorsprong en (ii) die verhouding waarin die werklikheid daartoe staan daardeur bepaal word.

Problematies in Collins se uiteensetting is dat hy die antwoorde probeer bied deur die werklikheid op homself te betrek. Die uiteensetting bied, om begryplike redes, nie die transendente oorsprong vir die ontstaan van die werklikheid soos wat die Skrif doen nie. Gevolglik kan geen verwysing na 'skepping' as sodanig gemaak word nie. Volgens bogemelde is dit duidelik dat die oorsprong van die werklikheid (deur hóm en ander teïstiese evolusioniste) as 'die heelal' oftewel die natuur voorgehou word, en nie die God van die Skrif nie. Selfs te midde van die knaende onsekerheid oor 'n veeltal sake, is dit die heelal wat oor die (goddelike) eienskappe sou moes beskik om 'lewe te kon voortbring', hoe dit ookal verstaan moet word. Dit word geïmpliseer dat die heelal veelvuldige gebreke het; evolusionêre prosesse en natuurlike seleksie moes ingryp om die ontwikkeling van (onvoorsiene) lewensvorme te laat plaasvind.

Noodwendige afleidings is: (i) Die oorsprong van die werklikheid in die geval van evolusie is van immanente aard – die heelal of natuur. Voeg daarby dat dit bowendien gebrekkig blyk te wees om die noodsaaklike 'lewens'prosesse aan die gang te gesit het, sodat spesiale intrede (prosesse) nodig was. Dan kan dit kwalik anders verstaan word as dat die religie aan die grond hiervan naturalisme moet wees. (ii) Die prosesse en meganismes is vervolgens willekeurig en onplanmatig. Hoe ook al daarna gekyk word, dit kom voor as 'n harde, meedoënlose en onpersoonlike skema. Sommige word, byvoorbeeld, 'geselekteer' om dan slegs funksioneel te kan evolueer. Hulle moet daarna vir goed

uitsterf, sodat ander lewensvorme lang-samerhand weer kan verskyn, maar selfs sonder om die uitkoms te weet. Hier is geen sprake van 'n betekenisvolle en durende band met die Ware Oorsprong van die Skrifte nie. Wat word dan nou van die geloof in dié God wat die geskape werklikheid in sy hand hou en sy skepping met groot wysheid regeer?, deurdadig evolusionisme die geloof na die natuur verplaas. Die kwelvraag is of die menslike bestaan nie hierdeur meganisties tot funksionalisme, doelloosheid en futuliteit gedegradeer word nie? Alles kom dan uiteindelik maar tot niks!, en daar is geen eindverwachting nie.


Wemel van teëstellings

Gemelde uitspraak in oënskou genome, blyk daaruit Collins se onwilligheid dat die evolusionêre beskouing gekompromiteer word. Sy grootste dilemma bestaan daarin dat dié wetenskap deur die openbaringswaarheid van God in 'n posisie van onhoudbaarheid geplaas (mag) word. Collins moet klaarblyklik besef dat die *a priori*-vrae oor die werklikheid die evolusionisme in 'n baie moeilike posisie plaas. Alle lewensvorme (soorte) wat daar maar waargeneem kan word, was reeds in beginsel in aansyn geroep ten tyde van die geskiedkundige voltooiing van God se skeppingswerk. Dit kan geheel en al nie met die geleidelike en toevallige verskyning van evolusionêre lewensvorme versoen word nie. Uitgaande van die Bybelse skeppingsweergawe dat die mens geskape is ter voltooiing van die skepping, asook God se heilige beoordeling daarvan (Gen.1:31), begin die teëstelling wat die evolusie-geloof meebring presies dáár. Dit kom o.m. daarop neer dat die evolusionêre proses miljoene jare vóórdadig God met sy skeppingswerk begin het reeds in werking moes getree het, as 'n afsonderlike proses. Die verloop daarvan is totaal anders as wat in Genesis ons meegedeel word: prosesmatige verskyning en uitwissing van lewensvorme, teenoor doel- en planmatig opbouende skeppingswerk, sonder dat die dood geheers het. Die mens het, volgens die evolusie-skema, eers baie laat in die

ontwikkelingsproses te voorskyn getree. Bekend is ook die feit dat die evolusie-teorie die uitsterwing van lewensvorme, sodat nuwe lewensvorme – en uiteindelik die mens – daaruit sou kon voortkom, móét handhaaf. Dood, as 'n noodwendige evolusie-verskynsel, moes dus geheers het lank vóórdadig die mense geskape is/ hulle verskyning in die evolusieketting gemaak het.

Afgesien daarvan dat die dood, volgens Genesis, eers later, as gevolg van die sondeval ingetree het, het dit in die verdere geskiedkundige ontplooiing van die skepping geen funksie om nuwe lewensvorme tot stand te bring nie. Die Bybelse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing het geen merkbare substansie in die teïsties-evolusionistiese beskouing nie. Dan moet dit tog duidelik wees dat ons hier met twee geheel verskillende en teenoorstaande weergawes vir die ontstaan en ontplooiing van die werklikheid te doen het: die evolusionistiese teenoor die histories geopenbaarde.

Slotopmerking

Wanneer Collins deur Christene as 'n sterk gelowige getipeer word is dit nie vir ons om te oordeel dat dit nié so is nie. Dit gesê, en in aanvaarding dat hy wel iemand van sterk geloof sou wees, worstel gewone Christengelowiges desondanks met die probleem dat sy wetenskapsbeskouing sterk nie-Christelik deurkom, soos hierbo aangetoon. Die argumente soos deur hom, Gideon Joubert en andere aangevoer dat teïstiese evolusie as Christelike of gelowige wetenskap kan deurgaan, moet gevolglik, vanuit ons Bybelse standpunt, in totaliteit verwerp word. Daar kan nie tegelyk twee waarhede oor die werklikheid bestaan, wat maar enkel by wyse van die spreekwoordelike oorgooi van die teïstiese sousie tot een gevoeg kan word nie. Om dit by wyse van formule te bevestig: sterk geloof + evolusionêre oortuiging ≠ Christelike wetenskap. Selfs 'n evolusionis het religie, maar die vraag is: wat? Op Collins se stellings af beoordeel, kan dit slegs naturalisme wees. 

Konferensie oor teïstiese evolusie te Potchefstroom

Kan teïstiese evolusie en ons Christelike geloof met mekaar versoen word?, is die belangrike vraag wat in hierdie tyd beantwoord moet word. Daar is bekende teoloë en ander wetenskaplikes wat geen probleem daarmee het nie, deur te verklaar dat dié twee nie in botsing met mekaar is nie. Daar is egter ook teoloë en ander wetenskaplikes wat hulle nie hiermee kan vereenselwig nie. Laasgenoemde neem die standpunt in dat, op grond van die Bybelse skeppingsleer, teïstiese evolusie nie met ons Christelike geloof versoen kan word nie. Christene moet hulleself oor hierdie twee standpunte kan verantwoord. Wat is die verskil tussen evolusie soos wat ons dit nog altyd verstaan het, en teïstiese evolusie soos wat dit in resente tye aan ons voorgehou word? Wat maak teïstiese evolusie anders, sodat dit vir die Christelike geloof aanvaarbaar sou kon wees? Op hierdie vrae wil Christene graag groter duidelikheid verkry.

Met die oog daarop om antwoorde aan Christengelowiges te bied, word 'n konferensie op 16 en 17 September te Potchefstroom aangebied. Die verhouding tussen teïstiese evolusie en geloof sal ondersoek word, en daar sal ook aandag gegee word aan die uitwerking van teïstiese evolusie en die invloed daarvan op die onderwys en die teologie. Sprekers van o.m. die Noordwes-Universiteit, Aksie Reformatoriese Onderwysstudie en Bybel en Volk sal hieraan deelneem. Die konferensie bied aan enige belangstellende die geleentheid om te kom luister na die onderskeie voordragte, dit op te weeg, en 'n verantwoorde standpunt daarvoor te vorm.

Tema: Teïstiese evolusie en ons Christelike geloof

Plek: Lesinglokaal G01, Gebou G20, Noordwes Universiteit, Potchefstroom-kampus.

Program:

Vrydag, 16 September om 19:00

Prof. Harm Moraal – Teïstiese evolusie is versoenbaar met ons Christelike geloof

Dr Loutjie Coetzee – Waarom die skeppingsleer teïstiese evolusie weerspreek

Saterdag, 17 September om 09:00

Morné Diederichs – Die aanwending en toepassing van evolusieleer in die onderwys

Dr Wikus Buys – Die neerslag van teïstiese evolusie in die gereformeerde teologie

Ds Hendrik Hefer – 'n Bybelse standpuntinname: die evolusionistiese of die reformatoriese

Enige persoon is welkom by die konferensie en veral ouers en onderwysers word aangemoedig om dit by te woon en hulle vrae te stel. 'n Bedrag van R30 per persoon sal betaalbaar wees om verversings te kan voorsien.

Roete-aanwysing

Ons vergader in Lesingsaal G01 in Gebou G20. Gaan deur Gerrit Dekkerstraat-ingang en draai dan sterk links na die Suide. Links van die pad is 'n parkeerterrein en regs daarvan Gebou G20. Gerrit Dekkerstraat is die eerste straat na regs oor die noordbrug van die Mooirivier vanaf Carletonville.

As die Hoffmanstraatingang geneem word, bly Noord ry verby die E-, F- en G-geboue tot G20 links van die pad en die parkeerterrein regs net voor die Gerrit Dekkerstraatingang.

Die onderstaande skrywe wat 24 jaar gelede verskyn het is vandag feitlik netso van toepassing:

Teïstiese evolusie 'n uitgedinkte fabel

Prof. J.D. Kies, Silvertreestraat 21, Bellville, skryf: In Menings van Ons Lesers (*Die Burger*, 7 Julie 1987) skryf A.J. du Toit dat die Bybelse skeppingsverhaal 'n allegorie is en as sodanig verstaan moet word. Ek verneem dus graag waarom die Heilige Gees, die inspireerder van die Skrif, dit nodig gevind het om in Genesis 2:4 die volgende te laat boekstaaf: "Dit dan is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is." 'n Mens kan die Bybel enige plek oopslaan en dis onmiddellik duidelik met watter soort literatuur jy te doen het. Of dit digkuns, profesie, dogma, lied, gelykenis of geskiedenis is. Wanneer Christus 'n verhaal vertel, word dit uitdruklik as 'n gelykenis bestempel. Wanneer Daniël of Esegïël 'n gesig sien of 'n droom droom, word dit eweneens duidelik gestel. Digterlike taal of beeldspraak (soos die son wat stilstaan) is ook onmiskenbaar, hoewel groot waarhede dikwels in digvorm uitgedruk word. Werklike geskiedenis en kronieke word altyd onomwonde uitgespel.


Heilige koei: Die enigste rede waarom dit hoegenaamd nodig sou wees om die eerste hoofstukke van Genesis allegories te verklaar is dat teoloë en leke al so gebreinspoel is dat aanvaar word dat "die wetenskap" die alfa en omega van alle kennis is. Oftewel die wetenskap wat deur die evolusioniste voorgedra word. Die holruggeryde bewering, "evolusie is 'n feit", het al deur herhaling 'n kleed van wetenskaplike respektableid verkry. In werklikheid is dit egter 'n heilige koei wat geen bevraagtekening duld nie. As die Bybelse beskrywing van die skeppingsgebeure allegories is, dan was Adam en Eva "allegoriese" mense, wat dit ook al kan beteken. Hulle het dan allegories gesondig, en Christus se lye en sterwe het slegs "allegoriese betekenis".

Plat: So 'n interpretasie van die Skrif ondergrawe die fundamente van die heilsboodskap van die Nuwe Testament. Soms word selfs die bestaan van die duiwel ontken, want die slang in die Paradys sou dan bloot die "boosheid van die wêreld" verteenwoordig. In Menings van 8 Julie vra "Die aarde is plat" my om name van akademiëci te noem wat die kreasionisme steun.

Hy noem egter nie eens sy eie naam nie. Bowendien, van wanneer af word waarheid deur meningspeilings of 'n meerderheidsstem bepaal? Slegs die Almagtige beskik oor die volle waarheid en Hy het, as enigste ooggetuie van die Skepping, alles wat Hy nodig geag het, vir ons laat opteken.

Uitsluit: Dis opmerklik dat evolusioniste gewoonlik diegene wat die Bybelse waarhede op gesag van die outeur daarvan aanvaar, uitkryt as sou hulle glo dat die aarde plat is. Nêrens in die Skrif word egter beweer dat die aarde plat is nie. Intendeel, daar word uitdruklik na die kring van die aarde verwys in Jesaja 40:22 (ou vertaling). In die nuutste Engelse vertaling lui dit: "He sits enthroned above the circle of the earth ...". Dr Retief en mnr Van den Heever vra in Menings van 4 September onder meer om kommentaar op die bevinding van die Wes-Transvaalse Sinode van die NG Kerk dat die Bybelse skeppingsgedagte en die wetenskaplike evolusiegedagte nie hoef gesien te word as teenoorgesteldes wat mekaar noodwendig uitsluit nie.

Antwoord: Dis bekend dat die Sinode hom laat lei het deur een persoon (of komitee) wat om een of ander rede verlief geraak het op die evolusieleer. Dis 'n simptoom van meer as 'n eeu se breinspoeling dat evolusie as 'n sinoniem vir "wetenskap" beskou word, soos blyk uit die Sinode se bevindinge (vergelyk *Die Kerkbode* van 29 Julie 1987). My vraag aan die Wes-Transvaalse Sinode is: Wat is sy antwoord op die byna moedlose vraag van God: "Weet julle dan nie, het julle dan nie gehoor nie, is dit nie van die begin af aan julle bekend gemaak nie, het julle nie 'n begrip van hoe die aarde ontstaan het nie?" (Jesaja 40:21). Let wel: "bekend gemaak", nie verborge in allegoriese verhale nie. Hierteenoor beweer dr Retief en mnr Van den Heever dat die hele aard van die Skepping dui op 'n geleidelike ontplooiing oor miljoene jare heen. Die waarneming byvoorbeeld dat sterre in roterende spiraalnewels saamgegroepeer is, beteken nie noodwendig dat hulle miljoene jare reeds bestaan nie.

Ondenikbaar: Dis ook nie duidelik in watter opsig(te) "die skoonheid van miljoene jare se bekoorlike skeppingsontvoering" nou juis 'n mens se geloof moet versterk nie. Is 'n skepper wat miljarde jare het om die heelal en lewende wesens voort te bring, magtiger of grootser as die Een van wie geskryf word: "Deur die woord van die Here is die hemele gemaak, deur sy bevel is al die hemelliggame ... Hy het gepraat en dit was so. Hy het beveel en dit was daar" (Psalm 33:6,9). Dis ondenikbaar dat Hy van alles wat Hy gemaak het, sou gesê het dat dit baie goed was (Gen. 1:31) as die aarde die begraafplaas van miljarde plante en diere was. Progressiewe skepping oftewel teïstiese evolusie is 'n fabel wat in die negentiende eeu uitgedink is, maar Christengelowiges hoef dit nie te aanvaar nie, ten spyte van wat honderde paleontoloë ook al beweer. "Wysheid begin met die dien van die Here" (Spreuke 9:10). 



Dr Hennie Mouton se boek *Skepping en evolusie – onversoenbaar* is een van die mees gesaghebbende boeke wat die evolusie wetenskaplik ondersoek en tot hierdie belangrike bevinding gekom het: "Die mens wat evolusie met die Bybel probeer versoen kan homself maar die moeite spaar, want dis sinloos – tensy hy die definisie van evolusie so afwater dat die wetenskaplike dit in elk geval as 'n halwe waarheid en daarom as nutteloos gaan beskou".

Verskille wat onmoontlik misgekyk kan word

Evolusieleer	Christelike leer
1. Dood is 'n noodwendigheid, sodat mense kan verskyn.	1. Die dood is 'n gevolg, nadat die geskape mens in sonde geval het.
2. Dood heers vóór die mens se verskyning, maar hou nie met sonde verband nie.	2. Dood volg eers na die mens se skepping, vanweë die sonde.
3. Die mens verskyn toevallig, as 'n verrassing en sonder dat dit beplan is.	3. Die mens se skepping word beplan, ten einde aan Gods doel te beantwoord.
4. Die probleem van natuurgebreke word deur natuurlike ingryping beredder.	4. Daar is bonatuurlike ingryping deur God, ten einde die gevolg van die sonde te stuit.
5. Die mens moet weer vir goed verdwyn, sodat die volgende lewensvorm kan verskyn.	5. Die voortbestaan van die mens word deur God bewerk, ten spyte van die sonde, met die ewige lewe as belofte.
6. Die volgende lewensvorm moet die onvolkomenhede van die mens uitskakel.	6. Die Here Jesus tree as verlosser in om die onvolkomenhede vanweë die sonde reg te stel.
7. Evolusie kan nie die hoe en wanneer van die mens se geestelike dimensie verklaar nie.	7. God skape die mens van die begin af só dat daar geestelike gemeenskap kan bestaan.
8. Die mense en die diere het 'n gemeenskaplike voorouer.	8. Die mense het uit die staanspoor menslike voorouers in die paradys.
9. Evolusie stal die mens as die produk van meganistiese prosesse uit.	9. Die mens word met wysheid deur die hand van God toeberei.
10. Evolusie is die natuur se "grand experiment".	10. Skepping is 'n magsdaad deur God, wat heenwys na Hom.
11. Die natuur beskik oor inherente vermoëns om kompleksiteite te manipuleer.	11. God skep in sy wysheid elkeen van die skepsele na sy eie aard en verleen aan diere instinkte en aan die mense geestelike onderskeidings.
12. Die natuur bied geen verklaring vir die mens se evoluering nie.	12. Die Woord van God verduidelik die rasionaal vir die Skepping van die mens.
13. Evolusie verleen geen sin aan die mense se bestaan nie behalwe funksionele evoluering.	13. God se betrokkenheid by die skepping van die mens verleen in die wydste sin sin aan sy bestaan.
14. Evolusie konsentreer op willekeurige en meganistiese mutasie en seleksie.	14. God beplan die mens se bestaan van die begin af met 'n duidelike doel en opdrag.
15. Evolusie se prosesgedrewenheid lei tot degradasie van die mens.	15. Die werk van God is skeppingsmagtig en gee aan die mens se lewe 'n diepte van sin.
16. Evolusie moet vir die voortgang van die steeds veranderende lewensvorms sorg.	16. God voorsien en hou sy skepsele daagliks in stand, sonder dat hulle van soort hoef te verander.
17. Die veranderende mens is slegs deel van 'n proses wat op die verskyning van "iets beter" gerig is.	17. Die mens het die sekerheid dat sy lewe in God se Raadsplan op die aanbreek van 'n volmaakte bedeling afstuur.
18. Die mens se hoogste verwagting is dat hy by seleksie of mutasie tog nie weggelaat sal word nie.	18. Die mens het die verwagting dat, hoe dit ook met sy omstandighede gesteld is, God ons ewige toekoms in heerlijkheid verseker.

Evolusionisme genoeg om 'n mens na die Christelike te dryf

Moderne tydsges

Die tydsges wat daar onder samelewings heers oefen sonder twyfel 'n besliste invloed uit op die standpunte wat, lewensbeskoulik gesien, deur mense ingeneem, en gevolglik ook die keuses waarop besluit word. Terwyl ons in ons Christelike gemeenskap die standpunt van die geloof in die God wat die hemel en die aarde geskape het, huldig, moet ons ook daarvan bewus wees dat die tydsges nie noodwendig hiermee akkoord gaan nie. Die tydsges slaag daarin om mense mee te sleur binne die breër stroom van opvattinge wat deur die groter publieke aandrag op sake nagehou word. Geen van die mees belangrike vergestaltungen van waarmee die mense binne so 'n sameleving hulle besig mag hou word nie deur die tydsges geraak nie.

Daarom verbaas dit ons nie dat tot op groot hoogte die onderwys, maar ook die wetenskap die aanslag daarvan nie vrygespring het nie. Onder invloed van die groter aanspraak van die publieke aandrag weeg die gangbare opvattinge wat veral deur die media gedra word dan vir mense sterker as die Christelike oortuiging. Die publieke aandrag word as rigtinggewend beskou vir die aanvaarding van die heersende filosofiese strominge van die pseudo-wetenskap. Ons moet dus verwag dat, ook wat die beskouinge oor die onderwys en wetenskap betref, dit deur die aansprake van die teëstellende



lewensbeskouing op sleeptou geneem mag word. Ds Le Cornu het in sy bydraes oor lewens- en wêreldbeskouing treffend hierop gewys. Vorige bydraes hieroor, asook die laaste een daarvan in hierdie uitgawe, verskaf die noodsaaklike perspektief op die teëstelling waarmee ook in ons heersende tydsgewrig geworstel word, naamlik die evolusionisme.

Ons vashou aan God en sy Woord

Met verwysing na die bydrae oor ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing, word die oplossing wat in hierdie slot-aflerwing op bl. 15 verskyn, aan die Christen gerig, die antwoord op die

gestelde problematiek. Die Woord van God bied aan Christen-gelowiges absolute en onweerlegbare Waarheid waaraan hulle hul lewens moet verbind. Dit is die enigste verweer waaroor die Christen in hierdie omstandighede beskik om die groot teësprak teen die Woord teen te staan. Die wonderlike hiervan is juis dat dit nie wetenskap teenoor wetenskap stel nie, maar die geopenbaarde onwankelbare Waarheid van God wat die finale woord spreek.

Die Christen het nie nodig om God se Waarheid te verdedig nie; slegs maar te proklameer. Enige wetenskap van watter aard ookal moet dit in die finale instansie aan hierdie Waarheid verantwoord. In dieselfde mate waartoe dit Christelike wetenskap geld, geld dit ook die wetenskap van die groot teësprak. Daarom stel die Christen nie in die eerste plek wetenskappe teenoor mekaar nie, maar die wetenskap in die Lig van die Woord. Wetenskap wat aan hierdie beoordeling nie wil onderwerp nie, of sigself as grootmagtig en daarom buite die gesag daarvan sou waan, kan en moet met die grootste vrymoedigheid deur die Christen afgewys word. Indien die drogbeeld deur wetenskaplikes geskep sou word dat die skepping van God nie aan sy Woord onderworpe sou wees nie, dan moet die wetenskap wat deur hulle beoefen word met 'n kritiese instelling bejeën word. Wetenskaplikes wat die idee sou verkondig dat die werklikheid onafhanklik van die Woord bestudeer kan word, ontken die feit dat die werklikheid deur God se magswoord tot stand gekom het. Laasgenoemde gegewe alleen behoort Christene te oortuig dat die werklikheid nie anders kan wees as wat God dit deur sy spreke georden het nie. Die Bybel verklaar immers: "Hy het gesprek en dit staan daar". Hoe sou die Christen dan met 'n wetenskapsbeskouing wat teen die Woord opgestel is vrede kan hê?

Enige wetenskap ondersoek die werklikheid vanuit 'n bepaalde grondbeskouing. 'n Grondbeskouing wat uitgaan van enigiets anders as die geopenbaarde waarheid van God, sit dus uit die standspoor met die probleem dat die uitgangspunt onder verdenking staan. Evolusionisme sal wil verklaar dat die grondbeskouing en uitgangspunt daarvan in die

heelal en die natuur gevind word. Wat sou die probleem daarmee kon wees? Hierop sou die Christen onmiddelik kon antwoord dat dit die rede is waarom hierdie beskouing so radikaal verskillend van die geopenbaarde werklikheid staan dat daar in geen opsig, behalwe die lewensvorme self, ooreenkomste bestaan nie.

Onderwys en wetenskap

Ten slotte is dit 'n saak wat die onderwys en wetenskap ten nouste betrek. Die ouer wat wil verseker dat sy/haar kind(ers) jongmense met 'n waarheidsgetroue beeld sover dit die werklikheid betref, toegerus moet word, (moet) besluit op die soort onderwys en wetenskap wat hieraan beantwoord. Ouers moet weet dat die evolusionisme sonder twyfel aan hulle kinders en jongmense 'n werklikheidsbeeld konsipieer wat nie met die geopenbaarde werklikheid ooreenstem nie. Die getuienis hiervoor is oorweldigend. Die vraag wat ouers dus moet beantwoord is of hulle daarvoor te vinde is dat hulle kinders/jongmense met die werklikheidsbeeld van die evolusionisme die wêreld moet ingaan, net omdat die publieke aandrag dit wil hê. Sal ons as ouers eendag die publieke aandrag as verweer kan aanvoer wanneer ons oor die onderwys van ons kinders verslag moet doen? Die mees akute kwessie is egter nog nie gestel nie, en dit is dat die eerste wat 'n wetenskapsbeskouing doen is om iemand van die godheid agter die voorgestelde werklikheidsbeeld te oortuig. Evolusionisme doen dit ook, maar die godheid daaragter kan nie die God van die Bybel wees nie, aangesien Sy openbaring as allegorie of mite afgewys, en 'n ander ('openbaring') in die plek daarvan gestel word. Valse wetenskap lei dus onvermydelik tot 'n valse godsbeeld; lei tot valse godsdiens en uiteindelik ongelooft.

'n Wetenskaplike wat kosbare werk in belang van ons Christelike standpunt gedoen het is dr Hennie Mouton. Sy werk oor die *Lewenswetenskappe* in die openbare onderwys kan van ons kantoor bekom word teen R55, posgeld ingesluit. - Red.



Ons Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing – deel 3

Ds S le Cornu

(Ter wille van ruimte word die uitdrukking “lewens- en wêreldbeskouing” in hierdie bydrae na LWB afgekort.)

Daarteenoor moet ons die Christelike geloof en lewens- en wêreldbeskouing handhaaf, wat uit die belydenis van die volgende vloei:

Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van *God die Vader* – Fil.2:9-11.

Die feit dat ons in ons tydsges soveel ooreenkomste met dié van die eerste eeu bemerk, beklemtoon opnuut die genoegsaamheid en relevantheid van die Skrif om ook vir ons tyd die Christelike geloof en LWB wat daaruit vloei te handhaaf.

Ons moet opnuut Paulus se briewe bestudeer om te sien wat die basiese Christelike lewens- en wêreldbeskouing was wat hy onder leiding van die Gees geleer het. Paulus het nie net vir die heidene die weg na die ewige lewe gewys nie, maar ook hoe om hier en nou in diens van hul Verlosser en Koning, Jesus Christus te lewe. Hy het die heidene as't ware van 'n Bybelse lewens- en wêreldbeskouing voorsien, en daardie LWB staan binne die raamwerk van Skepping en Opstanding soos in 1 Kor.15:45 gesien word: “So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.”

Die heidene moes God, mens en wêreld weer reg leer ken en dien soos God in sy Openbaring beveel het.

Daardie CLWB was niks nuuts nie, maar is in die Ou Testament geopenbaar. Dit behels basies die volgende 5 boustene, wat deur Christenfilosowe regdeur die eeue erken is, nl.

- Skepping
- Sondeval
- Verlossing
- Dankbaarheid/Heiligmaking
- Verheerliking/Wederkoms

Om net 'n paar voorbeelde uit Paulus se briewe te neem:

Skepping

²⁰ “Want sy onsigbare dinge kan van *die skepping* van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie” – Rom.1

Die belydenis van die skepping van die wêreld vir Paulus het behels:

- God die Vader as Skepper (1 Kor.8:6)
- God het uit niks geskape (1 Kor.15:45)
- God het geskape deur benaming (Ef.3:14-15)
- God het alles goed geskape (1 Tim.4:4)
- Adam is as die eerste mens geskape (Rom.5:12-14; 1 Kor.15:45)
- Die mens is as man en vrou geskape (1 Tim.2:13)

Sondeval

¹² DAAROM, soos deur een mens *die sonde* in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het - ¹³ want vóór die wet was daar al sonde in die wêreld; maar sonde word nie toegereken as daar geen wet is nie. ¹⁴ Tog het die dood geheers van Adam af tot op Moses, ook oor hulle wat nie gesondig het in die gelykheid van die oortreding van Adam nie, wat 'n voorbeeld is van Hom wat sou kom. – Rom.5

Die belydenis van die sondeval het vir Paulus behels:

- die historisiteit van die sondeval (2 Kor.11:3; 1 Tim.2:14)
- die mens is van nature 'n sondaar en tot die kwaad geneig (Rom.3:10-20; Ef.2:3)

- die sondeval het die onderskeid tussen die Skepper en skepsel; waarheid en leuen; ware en valse godsdiens; man en vrou aangetas (Rom.1:18-32)
- die skepping is gevalle (Rom.8:20-22)

Verlossing

¹⁰ Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat hulle ook die verlossing wat in Christus Jesus is, kan verkry met die ewige heerlikheid. – 2 Tim.2

Die belydenis van die verlossing vir Paulus behels:

- Die geboorte van Christus is 'n herbevestiging van die skepping (1 Kor.8:6).
- Christus is waarlik Mens en waarlik God (Rom.8:29; 9:5).
- Christus is gebore uit die maagd Maria onder die wet (Gal.4:4).
- Christus se dood het die sonde en die dood oorwin en die skepping herstel (1 Kor.15).
- Christus is die enigste oplossing vir menslike nood (1 Kor.1:18-30).
- Christus het God se geregtigheid vervul in sy kinders se plek (Romeine).
- Christus herstel die verhouding tussen God en mens en tussen mens en mens (2 Kor.5:17-20).
- Christus se Opstanding bevestig die liggaamlike opstanding van die mens en die hernuwing van die skepping (1 Kor.15).

Dankbaarheid/Heiligmaking

¹⁶ Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart *met dankbaarheid* tot eer van die Here. – Kol.3

Die belydenis van die heiligmaking behels vir Paulus:

- Die mens word gered nie **deur** nie, maar **tot** goeie werke (Ef.1:4; 2:10)

Vervolg op bl. 14

Vervolg van bl. 13

- Christus bevestig die wet deur dit te vervul in sy verlossing (Rom.3:31)

Verheerliking/Wederkoms

¹³ terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus, ¹⁴ wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke. – Tit.2

Die belydenis van die verheerliking behels vir Paulus:

- volharding van die heiliges (Fil.1:6);
- troos vir die gelowige in hierdie lewe (Tit.2:11-14); en
- lewe in die verwagting van die ewige lewe waar die gelowige totaal bevry sal wees van die sonde en dood (1 Kor.15).

Hierdie 5 boustene moet sentraal staan in die CLWB van 'n gelowige in hierdie wêreld. En dit is die taak van die predikant, kerkraad en ouers om dit aan mekaar en veral aan ons kinders te leer.

As ons na die brief van Paulus aan Titus lees, dan kan ons sien hoe Paulus oproep tot 'n **allesomvattende** Christelike lewe in diens van God. Sodoende kan die kerk van Christus ook op 'n konkrete wyse hul taak vervul t.o.v. 'n Christelike LWB. Ek wil dit dan vir u konkreet uiteensit volgens die brief van Titus.

Die brief van die apostel Paulus is gerig aan Titus wat op die eiland Kreta is. Die apostel het die eiland saam met Titus besoek kort na hy die eerste brief aan Timoteus geskryf het. In Kreta was daar losstaande groepe gelowiges maar geen georganiseerde gemeentes nie. Ten einde die gemeentes te organiseer, het Paulus vir Titus in Kreta agtergelaat. Daarvan lees ons in Titus 1:5, "Om hierdie rede het ek jou in Kreta agtergelaat, dat jy nog verder sou regmaak wat oorgebly het, en van stad tot stad ouderlinge sou aanstel soos ek jou beveel het" Paulus het Titus dus in Kreta gelos met die opdrag dat hy "sou regmaak wat

oorgebly het", dus gemeentes organiseer. 'n Rukkie later het Paulus vir hom hierdie brief geskryf waarin hy hom spesifieke instruksies gee om te volg vir die gemeentevorming en lewe in Kreta. Hierdie opdragte behels spesifiek:

Titus moet –

a. ouderlinge aanstel in elke stad (1:5-9), wat bekwaam moet wees om die 'gesonde leer' (2:1) te onderrig en die dwaalleraars te vermaan en te weerlê (1:10-16); en

b. sekere opdragte gee aan verskillende groepe in die gemeentes (2:1-10):

- aan ouer mans en vrouens,
- aan jonger vrouens en mans,
- aan diensknegte, en
- aan die gemeente in sy geheel: hoe hulle hulself moet gedra in die samelewing, spesifiek teenoor die burgerlike owerhede (3:1,2)

Die gelowiges word dus geleer (2:1, 12a) hoe om hulle te gedra (1 Tim.3:15). Hulle word geleer hoe om goeie werke te doen volgens God se Wet in hul onderlinge verhoudings. Dit geld vir hul gesins-, gemeente-, en beroepsverhoudings, en ook in die breë samelewing. Sodoende moet hul gehoorsaam wees aan die opdrag van Paulus in 1 Kor.10:31, "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God." En dit is niks anders as wat ons vandag sal noem ons CLWB wat ten volle uitgeleef word op elke lewensterrein nie.

Die probleem in Kreta, asook in die gemeentes daar, was nou juis dat hul "CLWB" nie tot uiting gekom het in dade nie. Die primêre probleem van die gelowiges van Kreta was dat dit wat hul geglo en bely het, nie ooreengestem het met hul lewe en dade in die praktyk nie. In Titus 1:10-16 word die probleem in detail beskryf. Die Kretense dwaalleraars was:

- tugteloos en het mense verlei (1:10)
- hulle het huise onderstebo gekeer deur valse leringe (1:11)
- hulle was behep met allerlei fabels en 'gebooië van mense' (1:14)

Laasgenoemde dui op die invloed wat die tydsgees op hulle gehad het d.m.v. moontlike valse godsdienste en valse filosofieë, dus valse LWB's.

Opsommend word hul probleem in vers 16 so gestel:

Hulle bely dat hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke, omdat hulle gruwelik en ongehoorsaam is en ongeskik vir elke goeie werk. (sien ook: 2:5; 3:8-11).

Dus, om dit eenvoudig te stel: hul leer en lewe het nie ooreengestem nie. Hul lewe het nie hul leer versier nie (2:10). Vandag sal ons wil sê: Christene handhaaf in die praktyk nie 'n LWB wat uit die Skrif vloei nie.

Maar was dit slegs 'n probleem van Kreta se verkeerde LWB ?

Nee, ook in ons eie tyd is daar allerlei valse leringe, ja 'valse LWB' wat besig is om die kerk van Christus te bedreig:

- (i) Van jong- tot oumense het tugteloos geword: kinders word in liefde nie meer getug nie, en rebelse kinders verwerp die vyfde gebod. Sien maar die studente-opstande die laaste tyd. Werknemers onderwerp hul nie meer aan hul werkgewers nie, terwyl die burgerlike owerhede hul ook nie meer onderwerp aan God en Sy Woord nie. In die kerke word die toepassing van die tug almeer 'n rare verskynsel, en word mense oorgelaat om in hul tugteloosheid te volhard.
- (ii) Netso word huise vandag onderstebo gekeer: mans het nie meer hul vrouens lief nie, en vrouens is nie meer aan hul mans onderdanig nie. Mans wil nie meer die rol as broodwinner vervul nie, en die vrou verwerp en verag deesdae alhoemeer hul Godgegewe rol as tuisteskeppers en moeders. Nie God se Woord nie, maar die nuutste sepie op die TV, die nuutste film, sport of

Vervolg op bl. 17

Vervolg van bl. 16

'rock'-ster bepaal hoe ons jongmense lewe, praat en aantrek, of meer akkuraat gestel: hoe hulle nié behoorlik wil aantrek nie. Ja, ons huise word inderdaad omgekeer deur allerlei valse leringe en misleidings wat binne en buite die kerke op die gemeentes van God losgelaat word.

- (iii) Die mens hou homself vandag alhoemeer besig met allerlei fabels soos ewolusionisme, New Age-idees, valse godsdienste en humanistiese sielkunde. So word God se wet ingeruil vir mensewette en eiewillige verlossings-idees. Dit sien ons verder ook in die eredienste waar God se bevel en eer nie meer sentraal staan nie, maar wat die mens en sy begeertes wil hê.

Inderdaad, soos in Titus se tyd, netso vandag is daar 'n groot gaping tussen wat mense bely en dit wat in hul dade na vore kom. Teenoor hierdie valse godsdienste en eredienste van die mens, begin hoofstuk 2

nou met "Maar spreek jy wat by die gesonde leer pas" (2:1), en dan volg al die opdragte vanaf verse 2 tot 10.

Die Woord stel 'n duidelike antitesis, 'n teenstelling tussen die ware en die valse leer, tussen ware en valse godsdienste, tussen goeie en slegte werke, tussen die destydse Grieks-Romeinse samelewing en God se Koninkryk.

Ons moet ook vandag skerper onderskei tussen 'n LWB wat vloei uit die Christelike geloof, en een wat uit hierdie wêreld en tydsgees vloei.


God beveel die kerkvolk van Kreta, deur Paulus, om goeie werke te doen wat by die "gesonde leer" pas.

Dit behels die volgende spesifieke opdragte (2:1-10; 3:1-2, 9-11):

- a Die ou manne moet onberispelik, bekwaam en gesond in die geloof wees sodat –gesien in die konteks van hoofstuk 1 – hul goeie ouderlinge kan wees wat die valse leraars kan weerlê (sien 1:6-9).
- b Die ou vroue moet in hul gedrag en woorde leraresse wees vir die

jongvroue. Hulle moet die jongvroue leer hoe om godsvresende vrouens vir hul mans en godsvresende moeders vir hul kinders te wees. Die woord van God word juis belaster as die vrou nie meer haar roeping in hierdie take vervul nie.

- c Jongmanne word opgeroep om in hul hele lewe goeie werke te doen, met 'n spesifieke klem op die goeie gesprekke wat gevoer moet word.
- d Diensknegte moet onderdanig wees aan hul base, juis met die doel om "die leer van God, ons Verlosser, in alles (te) kan versier".
- e Laastens, die gemeente moet in sy geheel gehoorsaam en onderdanig aan die burgerlike owerheid en diensbaar in die samelewing wees.

Hierdie is alles konkrete opdragte wat die kerk vandag ook moet inspan om die CLWB te bevorder. Dit is baie belangrik dat ons ook ons omgewing reformeer, sodat ons binne 'n gesonde gesins- en kerksituasie die Christelike geloof en LWB kan leer en uitleef op elke terrein van lewe en denke. 

Artikel 14 van die Nederlandse Geloofsbelydenis

Die skepping en val van die mens sy onmag tot die ware goeie

Ons glo dat God die mens geskape het uit die stof van die aarde en hom gemaak en geformeer het na sy beeld en gelykenis, goed, regverdig en heilig, in staat om met sy wil in alles ooreen te stem met die wil van God. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan of ook nie sy uitnemendheid besef nie, maar hy het homself uit eie wil aan die sonde onderwerp en sodoende aan die dood en die vervloeking, deur te luister na die woord van die duiwel. Want die gebod van die lewe wat hy ontvang het, het hy oortree, en homself van God, wat sy ware lewe was, deur die sonde afgeskei en sy ganse natuur verderwe. Daardeur het hy hom skuldig gemaak aan die liggaamlike en geestelike dood. En in al sy weë goddeloos, verkeerd en verdorwe, het hy al sy uitnemende gawes verloor wat hy van God ontvang het en niks anders daarvan oorgehou nie as net klein oorblyfsels wat genoegsaam is om die mens alle verontskuldiging te ontnem; aangesien al die lig wat in ons is, in duisternis verander het soos die Skrif ons leer as dit sê: Die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie, waar die heilige Johannes die mense duisternis noem.



Dr Hennie Mouton se boek oor die Lewenswetenskap is een van die mees resente publikasies wat die aanwending en toepassing van evolusie in die skoolkurrikulum ondersoek. Die boek kan van die VCHO bekom word teen R55, posgeld ingesluit.

Die huwelik: Perspektiewe uit drie Skrifgedeeltes - deel 2

Prof. P.J. Strauss, Fakulteit Teologie, UV

3. Die boek Hooglied: inleidend

Die naam van hierdie Bybelboek kan na Hooglied 1:1 teruggevoer word. Hier gaan dit oor die “lied der liedere” of Salomo se “mooiste lied”. Die Afrikaanse “Hooglied” kom van die *Nederlandse Statevertaling* wat die Duitse “*Hoheslied*” wat ook deur Martin Luther gebruik is, in Nederlands vertaal het (Du Toit, 1982:5).

Hooglied is ’n versameling liefdes- en bruilofsliedere wat deur gemeenskaplike temas en assosiasie aan mekaar verbind is (Brenner, 1989:18; Aalders, 1952:9) en moontlik tydens die Joodse bruilof van 7 dae gesing is. Liedere wat tot vermaak van die jonges en tot eer van die bruidegom en bruid opgedis is. Hierdie standpunt word deur ’n Siriese gebruik om die bruidegom en bruid as koning en koningin te vereer, ondersteun (Aalders, 1952:9).

Ander beskou Hooglied eerder as ’n allegorie wat oor Christus as bruidegom en sy kerk as bruid handel. Veral Joods-Rabbynse (in die eerste eeue na Christus) en vroeë Christelike verklaarders was hierdie standpunt toegeedaan. Geen tekstgetuieis ondersteun egter die teorie nie (Aalders, 1952:10).

Nog ander oordeel dat ons hier met ’n historiese drama te make het. Die een groep sien twee hooffigure in die boek: die koning en ’n plattelandse meisie wat met mekaar trou. Die ander groep sien drie hooffigure: die koning, die meisie en ’n herder. Beide groepe identifiseer ’n verhaal in sy historiese verloop rondom hierdie figure. In die proses wys hulle op die dialoog wat daarin voorkom. Daar kan egter nie ’n chronologiese verloop van handeling in Hooglied aangetoon word nie, tensy die onderdele willekeurig gerangskik word (Du Toit, 1982:6-7).

Die eindredaktor bied Hooglied as ’n versameling romantiese liefdesliedere of -gedigte aan, wat beslis sekere eenheidstendense skets. Daarin besing hy die skoonheid van die liefde, maar wys deur die herhalende refrein in 2:7, 3:5 en 8:4 ook op die krag van die liefde. Dit is ’n soort liefde waarvoor die tyd ryp moet wees en wat van beide die man en die

vrou moet kom. Hooglied is ’n liefdesbundel wat met respek vir romantiese liefde, terselfdertyd ook eerlik, warm en opgetoë oorkom (Vriezen en Van der Woude, 1973:285).

Hooglied is ’n versameling gedigte of liedere wat verskillende kunshulpmiddels gebruik. Daar is die liriese ontboeseminge van die bruid en die bruidegom; ’n idilliese beskrywing van die bruilofstoet (3:6-11), die drome van die bruid (3:1-4, 5:2-7), die beurtsang van die bruid en die dogters van Jerusalem (5:8-6:3) en die bekendstelling van ’n kring bewonderende toeskouers (6:1; Aalders, 1952:13). In die gang van die saamgestelde lied word verskillende perspektiewe op die huwelik of romantiese liefde duidelik.

3.1 Hooglied: perspektiewe op die huwelik

Wat voorop staan is dat die egte weergawe van romantiese liefde ’n saak van die hart of die verbondenheid aan mekaar van die volle mens of persoonlikheid is. Dit gaan oor ’n liefhê na siel en liggaam. ’n Omgee wat die volle menswees van die ander een en daarom ook van sy of haar liggaam of uiterlike voorkoms, insluit. In 4:9 kondig die bruidegom aan dat sy bruid sy hart gesteel het “met een kyk van jou oë, met een skakel in die ketting om jou hals” (Aalders, 1952:81). Sy antwoord later met woorde wat haar totale oorgawe aan hulle liefde, ’n oorgawe met hart en siel, blootlê. In 8:6 en 7 sê sy dat die liefde sterker is as die dood en hartstog magtiger as die doderyk. Strome water kan dit nie blus nie en iemand wat met al die rykdom in sy huis daarvoor wil betaal, sal uitgelag word.

Hulle is vir mekaar mooi: van ’binne’ en ’buite’. Sy is vir hom ongekwalfiseerd mooi, die mooiste van die vroue (1:8, 15). Soos ’n lirie tussen die dorings is sy vir hom tussen die meisies (2:2). Hy is vir haar ook mooi, hierdie “man wat ek liefhet”. Omdat sy hom liefhet, is hy baie aantreklik (1:16). Hulle geniet mekaar se man- en vrouwees en mekaar se geselskap. Hulle is met hart en siel aan me-

kaar oorgegee en onafskeidbaar. Daarvan word die seëlring wat hy dra, met tertyd ’n bepaalde simbool (8:6).¹

Terwyl die lied van die liedere ook verwys na Koning Salomo en al sy vroue en byvroue, staan dit vir die outeur vas dat die egte romantiese liefde net een man en een vrou op ’n slag kan insluit. Daarom het sy bruid en beminde sy hart gesteel en is haar liefkosings beter as wyn en ruik haar parfuum lekkerder as al die lekkerruik kruie (4:9-11). Te midde van al die koninginne en byvroue van die koning is sy “enig” en haar ma se oogappel (Aalders 1952:109). Hierdie vroue en die jongmeisies besing haar lof (6:8 en 9).

Juis omdat die man en die vrou mekaar hartstogtelik en gevoelvol liefhet, bewonder hulle mekaar, verlekker hulle hulle in hulle saamwees en plaas hulle mekaar op ’n troontjie. Daarom is sy vir hom so mooi en bekoorlik met soveel wat geniet kan word (7:6). Op sy beurt vergelyk hy dele van haar uiterlike voorkoms met beelde uit die skone natuur – juwele, ivoor, rooi wol, trosse druiwe, takboklammers – en is hy daarvan oortuig dat sy met kunstenaarshande gemaak is (7:1-9; Aalders, 1952:123-124).

Hooglied as lied op die liefde toon dat hierdie liefde ’n eie aard het wat nie met ’n stuk logiese denke verwar moet word nie en ook nie die gevolg van ’n fyn uitgewerkte plan – deur die verstand – kan wees nie. Dit gaan om hartstog, gevoel, ekstase en, dieper gesien, ’n stabiele romantiese liefde wat jy nie met enkele woorde in ’n definisie of omskrywing kan vasvat nie. Wat Hooglied betref (Du Toit, 1982:10) word die volgende gestel:

- Die seksuele is ’n gawe van God, wat soos enige ander saak in God se skepping of koninkryk reg

¹ Aalders wys daarop dat die seëlring destyds die kosbaarste persoonlike besit van die man was en dat die bruid met hierdie woorde begeer om sy persoonlike besit en onafskeidbaar aan hom verbonde te wees, 1952:137.

Vervolg op bl. 19

Vervolg van bl. 18

of verkeerd aangewend kan word. Hooglied as 'n loflied op die liefde hou hom egter nie besig met die wanpraktyke of anti-normatiewe aspekte nie, maar met die positiewe genot en normatiewe waarde daarvan vir die mens. In 'n breër Skrifkonteks beskou is die belewenis van hierdie soort liefde op die Hoogliedmanner niks minder nie as 'n genadegawe.

- Dit gaan *geensins oor seksuele persversiteit of oordadigheid* nie. Intendeel, die seksuele funksioneer hier waar hy hoort: gelei deur romantiese liefde wat op die totale menswees en geluk van die ander een ingestel is. Hooglied stel seksuele losbandigheid by implikasie aan die kaak, omdat dit sleg afsteek teen die egte liefde wat hierin besing word.
- *Namaaksels van die liefde word ontmasker* deur die egte liefde waarvan Hooglied vol is. Die liefde van Hooglied staan teenoor kunsmatige en onopregte liefde. Die Hoogliedliefde word gekenmerk deur 'n 'eksklusiewe' karakter. Dit gaan om die *eie beminde van een man en een vrou*. Hierdie gedagte word deur die *temaverse* van die boek gedra: "My beminde is myne en ek is syne!" (2:16, 6:3).
- Die egte romantiese liefde het 'n *blywende karakter*. Die lied gee nie die indruk dat die liefde wat hy besing tydelik of verbygaande van aard is nie. Dit het "alleen sin" in "onverbreekbare band tussen een man en een vrou". Daarom is die huwelik tussen een man en een vrou eventueel die veilige ruimte waarbinne hierdie band gekoester kan word (Du Toit, 1982:10).

Die egte romantiese liefde gaan met groot *erns* en geestelike *krag* gepaard. Sy gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam van die Here en magtiger as die doderyk (8:6 en 7).

Waar Deuteronomium 22 op regsreëls en ongeoorloofde betrekkinge rakende

die huwelik en seksuele verhoudinge in Ou-Israel konsenteer, sing Hooglied oor die gawe van egte romantiese liefde. In hierdie opsig staan die twee gedeeltes aanvullend tot mekaar en nie teenoor mekaar nie. Beide impliseer die normatiewe struktuur van romantiese liefde én die huwelik in God se kosmiese wet as die norm waaraan so 'n verhouding moet voldoen. Die aanduiding is dus dat die Ou Testament op hierdie punt die oortuiging dat die Bybel 'n tendensboek is, bevestig.

Die gedeelte in die Nuwe Testament wat aandag kry, is Efesiërs 5:22-33.

4. Efesiërs 5:22-33: inleidend

Efesiërs 5:22-33 vorm deel van die paratiese of opdraggedeelte tot 'n nuwe lewenstyl wat ongeveer by 4:17 begin en deurloop tot by 6:24 (Grosheide, 1960:70; Bruce, 1977:90).

Volgens Efesiërs vorm 'n Christelike of Christus-georiënteerde huwelik deel van die nuwe lewe in Christus of van "julle lewenswandel in ooreenstemming ... met die roeping wat julle van God ontvang het" (4:1). Dit is die vrug van 'n "verstandige" lewe waarin mense na die wil van God vra (5:17) en Geesvervuld is (5:18). Die skrywer pas die verhouding tussen 'n man en sy vrou toe op die verhouding tussen Christus en sy kerk, en omgekeerd (5:31-33). Sy oproep aan die getroude vrou en mans in die gemeente (5: 22,25) vorm deel van die "huistafels" wat die kinders en die slawe insluit (6:1-9; Grosheide, 1960:85; Van Roon, 1976: 138,139; Stott, 1989:214).

Soos Hooglied behandel Efesiërs nie alle moontlike vrae wat moderne mense oor die huwelik kan vra nie. Dit konsentreer op 'n vergelyking van die huwelik met die verhouding tussen Christus as die bruidegom en sy kerk as bruid. In die proses word daar kontoere vir die rol van beide die man en die vrou in die huwelik blootgelê.

In die Efesiërbrief gee die skrywer aan sy lesers in hulle omstandighede 'n samevatting van die Christelike lewe.² Hy begin by die heilsfeit dat die gelowiges uitverkies is om te kan glo, dat dit deel vorm van 'n proses waarin hulle uit

genade gered is en dat hulle dus nuwe mense in Christus is wat met sy verlossing die skeidsmuur tussen Jood en nie-Jood afbreek het, sodat die verlostes of kerk een kan wees. Hierdie uiteensetting word gevolg deur die paratiese gedeelte oor 'n nuwe lewenstyl.

4.1 Efesiërs 5:22-33: perspektiewe op die huwelik

In verse 22-24 word die vrou vermaan om "in alles" aan hulle mans onderdanig te wees. Dit moet so wees omdat hulle aan die Here onderdanig is en die man hoof van die vrou is soos Christus die Hoof van die gemeente is. Die vergelyking word uitgebrei met die stelling dat Christus ook die Verlosser van sy liggaam, die kerk is. 'n Stelling waarsonder die kwessie van sy hoofskap nie behoorlik verstaan word nie (Guthrie, 1976:519).³ Hy is die soort Hoof wat liefhet en versorg. Sy hoofskap waarborg 'n nuwe en ewige lewe. Sonder sy hoofskap is sinvolle lewe onmoontlik, sodat dit tot die beswil van sy ondergeskiktes is. Terselfdertyd begrens hierdie stelling die man in sy hoofskap, sodat dit ook tot beswil van die vrou kan wees (Van Roon, 1976:141).

Verse 25-30 beklemtoon die man se liefdesplig teenoor sy vrou. Sy hoofskap is nie 'n baasspelerige, selfgesentreerde saak nie.

Die manne moet hulle vroue liefhê soos Christus as Hoof die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het. Dit is 'n selfopofferende liefde wat op die welsyn van die ander een ingestel is. Dit is so vanselfspekend dat die man as hoof sy vrou se "liefdeshoof" moet wees, dat hy haar moet liefhê soos sy eie liggaam. 'n Liefde wat – soos in die geval van die eie liggaam – voed en versorg. Sy hoofskap word dus deur Christus se voorbeeld en deur die liefde begrens (Grosheide, 1960:87vv; Stott, 1989:227vv).

Hierdie waarneming is 'n teer saak vir dié wat in die hoofskap van die man 'n fisiese en onderdrukkende houding inlees. Terselfdertyd loënstraf die vergelyking met Christus en die konteks van ouers se gesag oor hulle kinders die mo-

² Vir die argument dat die Efesiërbrief 'n algemene inleiding op of testament van Paulus se teologie is, Guthrie 1976:512.

³ Vgl. verse 29 en 30 se "voed en versorg" as interne tekstgetuienis wat hiermee saamhang.

Vervolg op bl. 20

Vervolg van bl. 19

derne argument dat die hoofskap van die man oor die vrou kultureel- en tydsbepaald is (Stott, 1989:221vv). Christus bly immers Hoof van sy kerk en ouers behou gesag oor hulle kinders. Moontlik dui vers 31 met sy opmerking dat die man sy vader en moeder sal verlaat en saam met sy vrou sal lewe, op die blywende aard van laasgenoemde se verhouding. Paulus pas dit toe op Christus en sy kerk by wie daar ook van 'n blywende verhouding sprake is (Roberts, 1983:164)

Die kern van die betoog in verse 22-33 word waarskynlik in die tweede deel van vers 33 verwoord: "Elkeen moet sy vrou liefhê soos hy homself liefhet, en 'n vrou moet aan haar man eerbied betoon". Weer – soos by Deuteronomium 2 en Hooglied – het ons te make met 'n verhouding van liefde en trou wat beide tot voordeel strek en op mekaar rig. 'n Aanduiding wat op die kern van die struktuur van die huwelik in God se kosmiese wet stuit, en dit in eie omstandighede tot gelding bring. Die metafoor van 'n huwelik wat op talle plekke in die Ou en Nuwe Testament vir die verhouding tussen God en sy volk of

Christus en sy kerk gebruik word, word so 'n handige verwysing om God se sorg vir sy kerkvolk uit te druk.

5. Slot

Die Bybel is óók gerig op die nuwe lewe van die gelowiges in Christus en daarom ook op die mens se gehoorsaamheid aan God se norme vir die huwelik. Verlossing in die Skrif en die gereformeerde belydenisse is integraal, radikaal en totaal of lewensomvattend. Dit gaan immers oor 'n vernuwing wat die wortel van die mens se bestaan raak en hom of haar lewensomvattend in 'n rigting stuur.

Bibliografie

- AALDERS, G. Ch 1952. *Het Hooglied*. Kampen: Kok.
- BRENNER, A. 1989. *The song of songs*. Sheffield: SAP.
- BRUCE, F.F. 1977. *The epistle to the Ephesians*. London: Pickering en Inglis.
- DU TOIT, A.B. 1970. Die eksegeese van die Sinoptiese Evangelies. In: Jonker, W.D. (e.a. reds). *Hermeneutica*. Pretoria; NG Kerkboekhandel, 65-101.
- DU TOIT, D. 1982. *Liefde beter as wyn*. Wellington: Bybelkor.
- GROSHEIDE, F.W. 1960. *De brief van Paulus aan de Efesiërs*. Kampen: Kok.

- GUTHRIE, D. 1976. *New Testament – Introduction*. Leicester: Inter-Varsity.
- HEYNS, J.A. 1973. *Brug tussen God en mens*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- HEYNS, J.A. 1992. *Inleiding tot die Dogmatiek*. Halfway House: NG Kerkboekhandel 1988.
- KOCK, P. de B. 1970. *Christelike Wysbegeerte – Inleiding*. Bloemfontein: Sacum.
- RIDDERBOS, J. 1963. *Deuteronomium I*. Kampen: Kok.
- RIDDERBOS, J. 1964. *Deuteronomium II*. Kampen: Kok.
- ROBERTS, J. 1983. *Die brief aan die Efesiërs*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- STOTT, J.W.R. 1989. *The message of Ephesians*. Leicester: Inter-Varsity.
- VAN ROON, A. 1976. *De brief van Paulus aan de Efesiërs*. Nijkerk: Callenbach.
- VAN ZYL, A.H. 1975. *Gods Woord in mensetaal*. Durban: Butterworths.
- VON RAD, G. 1966. *Deuteronomy*. London: SCM.
- VRIEZEN, ThC & VAN DER WOUDE, A.S. 1973. *Literatuur van oud-Israël*. Wassenaar: Servire.
- WEISER, A. 1961. *Introduction to the Old Testament*. London: Darton.

Verskoning

In ons vorige uitgawe het die plasing van die brief van prof Johan van Rensburg oor die UV-leuse bo aan bl. 18 versteur geraak. Hierdie gedeelte moet as een stuk, d.w.s. aaneenlopend en nie opeenvolgend nie, met die vorige bladsy gelees word, sodat elke kolom daarvan direk op dié van die vorige bladsy volg. Ons bied verskoning aan ons lesers vir die ongerief wat hierdeur ontstaan het.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
<http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,
Ondervoorsitter), Ds S. le Cornu (Carl-
tonville), Ds G. van Heerden (De Deur),
Ds R. Bain (Potchefstroom), Prof I.H.
Horn (Pretoria), Ds G. Opperman
(Brits), Dr H.G. Stoker (Pretoria), Prof
E.J. van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H. Hefer
(Brakpan), F.A. van Deventer (Pretoria),
Prof J.A.E. Adendorff (Germiston),
ds J.J. Viljoen (Pretoria), en dr
A.L.A. Buys (Pretoria).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes